# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (23/13)*

*Justin Chadwick (7 Junie 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "In the end, we will remember not the words of our enemies, but the silence of our friends" Martin Luther King Jr.***

**Baie geluk aan Mike Woodburn (CGA Direkteur KZN Midlands) en Vijan Chetty (PPECB) wat aan 'n uitmergelende Comrades Marathon deelgeneem het. Die 87 km wedloop was veral moeilik in 2013 met warm winde en hoë temperature wat veroorsaak het dat 25% van die deelnemers nie voor die 12 uur afsny-tyd kon klaarmaak nie. As daar nog van die sitrusfamilie is wat deelgeneem het , laat my asb weet hoe dit gegaan het.**

## CGA VERTEENWOORDIGER IN DIE VSA

Vir die afgelope tien jaar het Ron Campbell die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf bygestaan om uitdagings aan te spreek en nuwe geleenthede rakende sitrusuitvoere na die Verenigde State van Amerika te identifiseer. Gebaseer in Washington DC, het Ron 'n onskatbare rol gespeel in die opbou van verhoudings met USDA APHIS en ander VSA regeringsamptenare namens die CGA. Suid-Afrika is steeds 'n voorkeur verskaffer van somer sitrus, met steeds toenemende volumes wat in die VSA verbruik word. Voorkeur toegang deur die "African Growth and Opportunity Act (AGOA)", en 'n fokus op markvereistes het beteken dat Suid-Afrikaanse uitvoere na die VSA gegroei het. Ron was altyd gereed om kwessies wat gedreig het om hierdie handel te ontwrig aan te spreek, wat tot 'n relatiewe probleemvrye vloei van sitrus vanaf Suid-Afrika tydens sy termyn gelei het.

Ron het besluit om sy kontrak met die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) te termineer. Ons wens hom net die beste toe. Vanaf Junie 2013 gaan die CGA die dienste van Bruce McEvoy kontrakteer om te help waar Ron opgehou het. Ons sien uit na 'n toekoms van probleemvrye marktoegang onder Bruce se wyse leiding.

## UITREIKING VAN UITVOERSERTIFIKATE

Neem asb kennis dat DAFF en PPECB aangedui het dat hul die toepassing van die hersiene "Export Certificate Standard Operating Procedure (SOP)" sal uitstel. Tot verdere kennisgewing in hierdie verband kan met werkswyses onder die "ou" SOP vir uitvoer- sertifisering voortgegaan word. Alle korrespondensie by www.cga.co.za beskikbaar.

## STATISTIEK - BOEKIE

John Edmonds het die 2013 Statistieke boekie voltooi en vroeër hierdie week 'n kopie aan alle produsente gestuur – met 'n nuwe voorkoms en formaat is die boekie gepak met belangrike inligting vir suider-Afrika se sitrusbedryf.

## SITRUS SWARTVLEK (CBS) BULLETIN

Met die oog daarop om die Suid-Afrikaners se verbintenis om die EU se maatreëls vir CBS na te kom, het die CGA bulletins oor die besonderhede van die stelsel om die risiko te bestuur (RMS) ontwikkel. Die eerste twee bulletins is hierdie week versprei. Enige iemand wat belangstel om van die bulletins te ontvang, kan justchad@iafrica.com e-pos. Bulletin 1 stel die RMS bekend, terwyl Bulletin 2 die registrasie beskryf. Dit is interessant om daarop te let dat DAFF **23 062 boorde, 1 605 produksie-eenhede, 296 pakhuise, 137 uitvoeragente en 74 koelkamers/koel fasilitiete in die binneland** vir uitvoer na die EU in 2013 geregistreer het. Dit is 'n tydrowende oefening vir beide die bedryf en DAFF.

## GEPAK EN VERSKEEP

Met die Satsumas wat klaar is, skuif die sagte sitrus se fokus na clementines waar 56% van die verwagte 2.65 miljoen kartonne gepak is en vir uitvoer goedgekeur is. Twee derdes van die pomelo's is ook nou gepak, en 50% van die verwagte suurlemoenvolumes vir 2013 is gepak en vir uitvoer goedgekeur. Die tempo van die pak van nawels is besig om toe te neem, terwyl Valencias nog in groot volumes moet begin.

| Tot Week 23 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 8.5 m | 8.2 m | 10.6 m | 6.7 m | 6.9 m | 15 m | 15.2 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 4.1 m | 4 m | 3.7 m | 3.4 m | 3.1 m | 8.2 m | 8.1 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 4.2 m | 4 m | 5.3 m | 3.3 m | 4.4 m | 11.1 m | 10.2 m | 10.5 m |
| Nawels | 6.6 m | 6.8 m | 5.5 m | 3.7 m | 2.3 m | 24.9 m | 24.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 0.5 m | 0.4 m | 0.2 m | 0.2 m | 0.1 m | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| | 23.9 m | 23.4 m | 25.3 m | 17.3 m | 16.8 m | 106.8 m | 106.1 m | 103 m |
| | | | | | | | | |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS MET DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINSTREER WORD**